24. Teologiese Skool en Opleiding

24.1 RAPPORT 1: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – ALGEMENE SAKE (Artt 176, 177, 183)

A. Dr D Lartz lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

1.1 *Algemene opdrag aan die Kuratore*

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente *(Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997:Hoofstuk 3) (vgl Acta 1988:400-403)*.

1.2 *Spesifieke opdragte van Sinode 2012 aan die Kuratore*

Die spesifieke opdragte aan die Kuratore en die hantering van besluite wat die Kuratore moes uitvoer, is in afsonderlike Rapporte opgeneem.

Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Die Kuratorium*

2.1.1 Kuratore

Die konstituering van die Kuratorium het op 9 Januarie 2012 plaasgevind.

2.1.2 Verkiesing van Voorsitter van die Kuratore 2012

Dr DG Breed is verkies as Voorsitter van die Kuratore en dr SJ van der Walt as Ondervoorsitter. Dr D Lartz is as Adjunk-skriba verkies en finansies is opgedra aan ds EJ Tiemensma. Ds PM Modise is verkies tot addisionele lid van die Dagbestuur.

2.1.3 Aanbeveling vir nominasie van ‘n gemeenskapsleier as lid van die Raad van die NWU

Volgens die Statuut van die NWU word vier gemeenskapsleiers genomineer as lede die Raad van die NWU volgens ‘n oop nominasieproses en die Uitgebreide Bestuurskomitee (UBK) van die Potchefstroom-kampus beoordeel die nominasies.

Dr DG Breed was twee termyne lank lid van die NWU Raad. Sy termyn verstryk gedurende 2014 en die Kampusrektor van die NWU het die Kuratore se advies gevra ten opsigte van ‘n nominasie vir die volgende termyn. Die Kuratore Dagbestuur het op 20 Januarie 2014 dr SJ van der Walt by die Dekaan aanbeveel vir nominasie as lid van die NWU Raad.

2.2 *Die Breë Kuratorium*

Die Breë Kuratorium (vgl Acta 1991:503, 506, 507; Acta 1994:650) is verantwoordelik vir die verkiesing en beroeping van professore en oefen die tug oor professore uit ooreenkomstig KO, artt 79-80 (vgl Acta 1991:733; 1994:465). Die Breë Kuratore is in die verslagtyd tweekeer opgeroep vir die beroeping van professore.

2.2.1 Bevestiging van prof HG Stoker

Tydens ‘n beroepingsvergadering op 23 Junie 2011 is dr HG Stoker beroep as professor in Etiek. Sy bevestiging in die amp het op 28 Januarie 2012 plaasgevind.

2.2.2 Bevestiging van prof SP van der Walt

Tydens ‘n beroepingsvergadering op 23 Junie 2011 is dr SP van der Walt beroep as professor in Dogmatiek. Sy bevestiging in die amp het op 28 Januarie 2012 plaasgevind.

2.2.3 Beroeping en bevestiging van prof DF Muller

Die Kuratore het tydens hulle vergadering op 15 en 16 November 2011 besluit dat prof PH Fick onder KO, art 14 (volgens die vereistes van Sinode 1967:60) vir ‘n tydperk van 6 jaar losgemaak word om die benoeming as studentedekaan op te volg, met behoud van sy predikantsamp en band met die Kuratore en Teologiese Skool.

Die Kuratore het besluit dat die vakante pos d.m.v. beroeping gevul moet word. Tydens ‘n beroepingsvergadering op 14 Junie 2012 is dr DF Muller beroep as professor in Kerk- en Dogmageskiedenis. Sy bevestiging in die amp het op 18 Augustus 2012 plaasgevind.

2.2.4 Beroeping en bevestiging van prof RS Hobyane

Op 18 Maart 2013 het die Dekaan van Fakulteit Teologie die Kuratore versoek om te oorweeg om dr RS Hobyane, op daardie stadium lektor in Grieks, ter approbasie te beroep as professor in Nuwe Testament met opdrag Grieks. Die Kuratore het hom op 16 Julie 2013 positief oor die saak uitgespreek en die Dagbestuur versoek om die finansiële aspekte asook kerkregtelike aspekte te ondersoek.

Tydens ‘n beroepingsvergadering op 13 November 2013 is dr RS Hobyane beroep as professor in Nuwe Testament met opdrag Grieks. Hy het die beroep opgevolg en is op 7 Januarie 2014 losgemaak deur GK Promosa. Sy bevestiging in die amp het op 25 Januarie 2014 plaasgevind.

2.2.5 Beroeping en bevestiging van prof FP Kruger

‘n Vakature het ontstaan in die vakgroep Praktiese Teologie toe prof RS Letšosa die pos van Viserektor Onderrigleer by die NWU se Potchefstroomkampus aanvaar het met behoud van sy predikantsamp en band met die Kuratore en Teologiese Skool. Die Kuratore Dagbestuur het op 19 Augustus 2013 besluit dat dié leerstoel volgens die normale prosedure van beroeping gevul moet word.

Tydens ‘n beroepingsvergadering op 13 November 2013 is dr FP Kruger beroep as professor in Praktiese Teologie. Hy het die beroep opgevolg en is op 1 Februarie 2014 losgemaak deur GK Meyerspark. Sy bevestiging in die amp het op 8 Februarie 2014 plaasgevind.

2.2.6 Beroeping en bevestiging van prof IW Ferreira

Die Kuratore het op 19 Februarie 2013 losmaking aan prof TD Mashau verleen, aangesien hy ‘n beroep na GK Pretoria-Brooklyn opgevolg het. Die Kuratore het besluit om vir die res van 2013 van die dienste van dr PJ Buys gebruik te maak vir die onderrig van Missiologie, totdat die vakature deur beroeping gevul sou word. Tydens ‘n beroepingsvergadering op 13 November 2013 is dr IW Ferreira beroep as professor in Missiologie. Hy het die beroep opgevolg en is deur GK Rietvallei losgemaak. Sy bevestiging in die amp het op 12 April 2014 plaasgevind.

2.3 *Die Senaat TSP*

2.3.1 Rektoraat

Prof GJC Jordaan is as Rektor van die Teologiese Skool aangewys vanaf 1 Januarie 2010 tot 31 Desember 2012. Hy is in Junie 2012 vir ‘n verdere termyn verkies as Rektor. Prof Jordaan het aangedui dat hy slegs tot Junie 2015 beskikbaar is om as Rektor te dien.

Die Kuratore het in Junie 2012 besluit om twee viserektore vir die TSP te verkies. Prof RS Letšosa is vir die termyn Januarie 2013 tot Desember 2015 verkies as Viserektor Akademiese Sake en prof G Breed as Viserektor Studentesake. Met die vertrek van prof Letšosa het die Kuratore Dagbestuur in Augustus 2013 prof FP Viljoen as waarnemende Viserektor Akademiese Sake benoem tot November 2013. Tydens die Kuratorevergadering in November 2013 is prof FP Viljoen verkies tot Viserektor Akademiese Sake vanaf Januarie 2014 tot Desember 2015.

2.3.2 Doserende personeel

2.3.2.1 Publikasies, konferensies en seminare

Kyk Bylae A.

2.3.2.2 Vakatures

Daar bestaan tans (Mei 2014) geen vakatures by die Teologiese Skool nie.

2.3.2.3 Prof PH Fick: Opvolging van benoeming as studentedekaan aan die Potchefstroom-kampus van die NWU

Prof PH Fick is deur die NWU genader om benoem te word as Studentedekaan vir ‘n termyn van ses jaar vanaf 1 Januarie 2012. Sy voortgesette betrokkenheid by die TSP vir die duur van die onderbreking van sy dienswerk as professor aan die TSP ingevolge KO, art 14 behels sy betrokkenheid as Senaatslid, navorsing in sy vakgebied en studieleiding van M- en D-studente by Kerk- en Dogmageskiedenis, en leiding neem met die reëlings en afhandeling van die Kerkgeskiedenistoer van studente van die TSP. Hy het ook in 2013 en 2014 die module KDGE877 vir finalejaarstudente aangebied.

2.3.2.4 Prof RS Letšosa: Opvolging van benoeming as Aangewese Vise-Rektor Onderrigleer aan die Potchefstroom-kampus van die NWU

Prof RS Letšosa is deur die NWU genader om aansoek te doen vir die pos van Aangewese Vise-Rektor Onderrig-leer. Prof Letšosa het aangedui dat hy nie volgens KO, art 12 wil oorgaan na ‘n ander staat van lewe by die aanvaarding van die pos nie, maar sy amp wil behou en by kerkwerk betrokke wil bly. Vanweë die besondere verhouding wat tussen die Universiteit en die GKSA bestaan, het die Kuratore tot die besef van die belangrikheid van die vulling van sodanige pos gekom, vir sowel die GKSA as die NWU. In die lig van sy taak en roeping as bedienaar van die Woord (besonderlik teologiese professor), het die Kuratore ‘n ordelike weg gevind (KO, art 14) waarvolgens prof Letšosa die pos sou kon aanvaar sonder die neerlegging van sy amp. Hy is steeds met navorsing in sy vakgebied en die begeleiding van M- en D-studente besig en as Senaatslid by die TSP betrokke. Hy is van die ondersteuning van die Senaat en Kuratore verseker en het in Augustus 2013 die pos aanvaar.

2.3.2.5 Emeritaat van Prof HF van Rooy

Prof HF van Rooy emeriteer aan die einde van 2014 na 31 jaar en 10 maande diens aan die Teologiese Skool. Die Kuratore het hom hartlik bedank vir baie jare van getroue arbeid aan die Teologiese Skool en hom en sy gesin seën toegebid vir die nuwe lewensfase. Prof Van Rooy beklee ‘n navorsingspos aan die NWU wat nie deur beroeping gevul gaan word nie.

2.3.3 Administratiewe personeel

Die volgende administratiewe personeel is tans in diens van die TSP. Waar die betrokke persoon ook ‘n personeellid van die Fakulteit Teologie is en die Fakulteit ‘n finansiële bydrae tot die salaris maak, is dit aangedui:

Registrateur: Mev A du Toit (Personeellid van die Administratiewe Buro).

Bestuursassistent van die Skooldirekteur Predikantsopleiding: Mev N Bothma (100% TSP).

Bestuursassistent van die Rektor TSP: Mev A van Schaik (100% TSP). Mev Van Schaik beklee die pos sedert Januarie 2010 en verlaat Potchefstroom einde Desember 2014 wanneer haar eggenoot, ds LH van Schaik, emeriteer. Die Kuratore bedank haar hartlik vir die vyf jaar van diens en bid haar seën toe vir die toekoms.

Bestuursassistent van die Dekaan: Finansies en Personeel: Mev E Brazer (20% TSP).

2.3.4 Ander personeel by TSP

Jan Lion-Cachet Biblioteek (personeellede van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU):

Bibliotekaris: Mev HE Lombard (67% TSP).

Biblioteekassistent (permanente NWU-halfdagpos vanaf Januarie 2014): Mev B Bradley.

2.3.5 Internasionale akademici deur die Senaat ontvang

Kyk Bylae B.

2.3.6 Studente

2.3.6.1 Afgestudeerde studente

Die volgende studente het sedert Sinode 2012 die Kandidaatstudie voltooi:

Junie 2012: Brs GJJ van der Merwe en SJB Lee.
November 2012: Brs DFC Kruger, MJ Lourens en N Murambadoro.
Januarie 2013: Br RJ Pretorius.
Februarie 2013: Br CC Mathundela.
November 2013: Brs DJ de Bruyn, MH le Roux en ID de V Potgieter.
Januarie 2014: Br AJ Dednam.

Die volgende studente is in 2014 in die finalejaar van die Kandidaatstudie: Brs JL Coetzer, DJ Malan, DJ Maritz, FR Pretorius, JG Tredoux en EJ van Jaarsveld. Br JJ Schutte is sedert 2012 in finalejaar, maar kon tot op hede weens gesondheidsprobleme nie die studie voltooi nie.

Die Kuratore het aan die volgende broeder toestemming verleen om steeds verder voltyds te studeer voordat hy aanmeld vir eksaminering deur 'n Streeksinode: Br E Coetzer (PhD in Nuwe Testament).

2.3.6.2 Kandidaats 1 tot 6 studente

Die getal Kandidaatstudente in 2014 is soos volg:

Kandidaats 1: 13
Kandidaats 2: 6
Kandidaats 3: 16
Kandidaats 4: 11
Kandidaats 5: 13
Kandidaats 6: 6

2.3.6.3 Staking van studies

2012: Brs JJH van Schaik, W Chipenyu, en CP van der Merwe.
2013: Br JC Hope.
2014: Br MB van Biljon.

2.3.6.4 Dissiplinêre sake

Daar is in 2013 dissiplinêr deur die NWU opgetree teen 'n Kandidaatstudent. Die Kuratore Dagbestuur het die bevinding en afhandeling van die saak deur die NWU onderskryf. 'n Pastorale gesprek is met die broeder gevoer, en hy kon die betrokke module in 2014 herhaal.

2.3.6.5 Terminering van studie

Die Kuratore het in die verslagtydperk die studie van enkele studente termineer weens verskillende redes.

2.3.7 Wysiging van Kandidaatstudie

Die implementering van die gewysigde Kandidaatstudie waarvan Algemene Sinode 2012 alreeds kennis geneem het, is uitgestel, in afwagting op die finale registrasie van sommige NWU-kwalifikasies waarmee die Kandidaatstudie ooreenstem. Die verwagte datum van implementering is 2016.

2.4 *Algemene sake wat die Kuratorium hanteer het*

2.4.1 Buitengewone toekenning van Kandidaatsertifikaat

Die Kandidaatsertifikaat is sedert Januarie 2012 aan die volgende broeders toegeken, nadat die Kuratorium hom daarvan vergewis het dat die broeders aan die vereistes van die Kandidaatsertifikaat voldoen:

JFK Mulder – Junie 2012.
TV Moruri – November 2012.
SN Jooste – Julie 2013.

Verdere aansoeke is van kandidate ontvang wat tans volgens die voorskrifte van die TSP Senaat en Kuratore besig is met sekere akademiese werk en preekmaakoefening met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat.

2.4.2 Nuwe Bybelvertaling

Die Kuratore het in Junie 2004 kennis geneem van die besluit van die Bybelgenootskap om voort te gaan met ‘n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans waarby van die professore aan die TSP betrokke is. Hierdie besluit is met groot dankbaarheid ontvang, aangesien die GKSA via sy sinodale deputate al 10 jaar gelede by die BGSA die versoek tot so ‘n vertaling gerig het. Die Kuratorium het hom bereid verklaar om professore van die TSP vir sodanige vertaalprojek beskikbaar te stel binne die raamwerk wat deur die BGSA voorgestel word.

Die professore wat betrokke is by die Bybelvertaling is: proff JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Krüger, HF van Rooy en FP Viljoen. Die professore is van tyd tot tyd volgens ‘n program van die Bybelgenootskap aktief by die vertaling betrokke. Die proefuitgawe van die Nuwe Testament en Psalms het in Februarie 2014 verskyn.

2.4.3 Kuratore Program-evaluering (KPE)

Die Kuratore se verantwoordelikheid is onder meer om toesig te hou oor die kwaliteit, regsinnigheid en toereikendheid van die Kandidaats-program. Baie fasette van die kwaliteitsversekering en –kontrole behartig die Kuratore saam met die Fakulteit Teologie van die NWU, binne die Interne en Eksterne Program-evaluering-prosesse (die IPE- en EPE-prosesse).

Die regsinnigheids- en toereikendheidskontrole van die Kandidaatsprogram kan egter nie binne die IPE- en EPE-prosesse hanteer word nie. Dit is dus nodig dat die Kuratore ‘n proses vir regsinnigheids- en toereikendheidsversekering en kontrole volg, naamlik KPE. Dit word in elke siklus van die Kuratorium gedoen t.o.v. jaarvlakke en vakgroepe.

2.4.4 Toesig oor indiensopleidingsentra

Die Kommissie wat uit die geledere van die Kuratore aangewys is om die voortdurende toesig oor die indiensopleidingsentra te behartig, gaan steeds met die opdrag voort. Die Kuratore ontvang jaarliks verslag van die Kommissie. Die Kuratorium handhaaf die opdragte en rigting wat in die besluite van die Nasionale Sinode 1994 gegee is ten opsigte van die opleiding van predikante (kyk Acta 1994:699, 5.2).

2.4.5 Samewerkingsooreenkoms tussen TSP en *Andrew Jumper Post Graduate Center*, São Paulo, Brasilië

Vanuit die inisiatief van die Voorsitter van die Kuratore, dr DG Breed, is daar ná onderhandelinge en wedersydse besoeke, op 31 Oktober 2012 ‘n ooreenkoms gesluit tussen die Teologiese Skool van die GKSA en die *Andrew Jumper Post Graduate Center* (AJPGC), met die medewerking van die Raad vir Teologiese Opleiding (JET), van die Presbiteriaanse Kerk van Brasilië. AJPGC bied nagraadse opleiding in Teologie aan en sy beheerliggaam is die Mackenzie Instituut.

Die ooreenkoms staan bekend as ‘n akademiese, wetenskaplike en kulturele samewerkingsooreenkoms waardeur beide instellings se navorsing en onderrig bevoordeel kan word. Die doel van die samewerkingsooreenkoms is “om mekaar optimaal te versterk in die akademiese en leerstellige ontwikkeling van die Gereformeerde teologie tot eer van God en in diens van die Koninkryk van God” (uittreksel uit klousule 1 van die ooreenkoms).

2.5 *Finansies*

Finansiële state en begrotings sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.

2.5.1 Versorging van Emeriti

Die Kuratore van die Streeksinodes waar die emeritus of weduwee nou woonagtig is, besoek hulle jaarliks en rapporteer skriftelik aan die Junie- of November-Kuratorevergadering oor hulle welstand en versorging. Indien daar versorgingsnood ontstaan, word dit dadelik deur die Kuratore Dagbestuur hanteer.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.5.1 kennis geneem.

D. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Die Senaat TSP

1.1 *Transformasie en ekwiteitsdoelstellings*

Die Fakulteit Teologie het ‘n transformasieplan opgestel volgens die missiestelling in die NWU se institusionele plan, ten einde die multikulturele en diverse samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing te reflekteer. Die Senaat het by die Kuratore aanbeveel dat by die beroeping van professore die demografiese samestelling van die GKSA in ag geneem moet word en persone uit voorheen benadeelde groepe so ver moontlik bemagtig word om te kwalifiseer sodat hulle, sonder om kwaliteit in te boet (volgens doelwit 6 van NWU Transformasieplan: “ensuring quality”), by beroeping in ag geneem kan word.

Aangesien die Kuratore in aansluiting by die Senaat volle begrip het vir die noodsaak van ‘n verteenwoordigende profiel by beroepe professore, onderneem die Kuratore om heelhartige samewerking te gee binne die raamwerk van die Kerkorde om swart predikante te identifiseer by wie kapasiteit gebou kan word met die oog op die toekomstige beroeping en enige moontlike ontwikkeling by die Fakulteit om sodanige kapasiteit uit te bou, te ondersteun.

Daar is aanduidings dat die TSP en die Fakulteit in die toekoms op verskeie maniere onder meer druk kan kom wat betref sleutelaspekte vir die vervulling van beide instansies se kernbesigheid, waaronder die beskikbaarheid van die nodige finansies en personeelvereistes met betrekking tot ekwiteit wat beide ras en geslag insluit. Aangesien die verhouding van die TSP en die Fakulteit op die grondslag van samewerking berus, het die Kuratore Dagbestuur die Fakulteit Teologie versoek dat ‘n interne en eksterne oudit gesamentlik gedoen word van beide instansies om optimale samewerking ten opsigte van alle aspekte van die bestaande verhouding verder te verseker.

1.2 *Beroeping van ‘n predikant in ‘n kapasiteitsboupos in Ou Testament*

1.2.1 Agtergrond

Die Fakulteit Teologie van die NWU se transformasieplan het onder andere ingehou dat die volgende beplanning gedoen is ten opsigte van die vulling van prof PP Krüger se pos as professor in Ou Testament en proff GJC Jordaan en JJ Janse van Rensburg se poste as professore in Nuwe Testament, wanneer hulle emeriteer:

“Vulling van pos van prof PP Krüger: ‘n Kapasiteitsboupos word deur die Fakulteit vir 2015 geskep waarin (in samewerking en oorleg met die TSP-Kuratore) ‘n swart predikant aangestel word. Die bedoeling is dat dié predikant se kapasiteit onder mentorskap van prof PP Krüger gebou word sodat hy aan die einde van 2016, wanneer prof Krüger emeriteer, op die kortlys van kandidate vir beroeping geplaas kan word. Met die oog op aanstelling in die kapasiteitsboupos gaan die Fakulteit dan, met advies van die Kuratore, ‘n ooreenkoms met die Kerkraad van die betrokke predikant aan waarin een van twee scenario’s vir die einde van 2016 gestel word: (1) dat die predikant wat aangestel word deur die Kuratore beroep en ‘n professoraat in Ou Testament aangebied word, of (2) dat die Kuratore ‘n ander predikant beroep, met die gevolg dat die kapasiteitsboupos getermineer word en die swart predikant wat daarin aangestel was, na sy bediening in die gemeente terugkeer.

Vulling van pos van prof GJC Jordaan: ‘n Soortgelyke reëling as dié vir Ou Testament word voorgestel vir die vulling van die professoraat in Nuwe Testament wanneer prof Jordaan aan die einde van 2016 emeriteer.

Vulling van pos van prof JJJ van Rensburg: Wanneer prof Van Rensburg einde 2016 emeriteer, word prof FP Viljoen, wat tans ‘n beroepe professor in die Nuwe-Testamentiese vakgroep is maar 100% deur die NWU vergoed word, “oorgeskuif” na die pos van prof Van Rensburg, wat vergoedingsgewys op ‘n 50:50-basis deur die NWU en die GKSA gedeel word (met die versekering dat die “skuif” geen finansiële benadeling vir prof Viljoen sal meebring nie). Die “100%-pos” van prof Viljoen word egter nie weer deur beroeping gevul nie maar word geoormerk vir aanstelling van ‘n vroulike navorser deur die Fakulteit.

1.2.2 Wysiging van bogenoemde beplanning

Die Dekaan het die Kuratore ingelig dat die beplanning soos hierbo aangedui ten opsigte van kapasiteitsbouposte, nie goedgekeur kan word nie, tensy die Kuratore nou reeds ‘n persoon wat in die kapasiteitsboupos aangestel gaan word, beroep.

1.2.3 Bevindinge van Kuratorium

Die Kuratorium het op 19 November 2014 ‘n Kommissie aangewys om ‘n verdere gesprek met ‘n Kommissie van die Fakulteit Teologie van die NWU te voer met Rapport aan die Kuratore.

Die volgende bevindinge is gemaak:

1.2.3.1 Ten opsigte van Nuwe Testament blyk dit dat daar tans geen swart predikant in die GKSA is wat met ‘n M- of PhD-studie in Nuwe Testament besig is en daarom nie voor 2017 die nodige kapasiteit kan ontwikkel om met verantwoordelikheid as professor in Nuwe Testament beroep kan word nie.

Daarom onderneem die Dekaan dat die poste in Nuwe Testament wat einde 2016 deur emeritering vakant raak, nie verder deur die Fakulteit as ekwiteitsposte oorweeg sal word nie.

Die oorweging van die moontlikheid om die poste in Nuwe Testament van drie na twee te verminder, staan oor tot na die afhandeling van ‘n oudit wat aangevra is (vgl 1.1 hierbo).

1.2.3.2 Ten opsigte van Ou Testamentis daar tans wel die moontlikheid van meer as een swart predikant in die GKSA is wat oor ‘n PhD-graad in Ou Testament of Semitiese Tale beskik en van wie die nodige kapasiteit binne 2 jaar gebou kan word sodat hulle waarskynlik oor die nodige profiel sal kan beskik wat van ‘n professor aan die TSP verwag word.

Die geleentheid wat die NWU met die instelling van kapasiteitsbouposte vanaf 2015 bied, kan dan deur die kerke benut word om die nodige kapasiteit by sodanige kandidate te help bou.

1.2.4 Kuratorebesluit 19 November 2014

Die Kuratore het op 19 November 2014 soos volg besluit:

2.1 Die proses volgens die prosedure vir beroeping soos in die Prospektus uiteengesit is, in werking gestel word om een van die swart Gerformeerde predikante wat oor die nodige PhD-kwalifikasie en die nodige kerklike profiel beskik, in Januarie 2015 vir die pos in Ou Testament te beroep.

2.2 Die te beroepe professor vir die duur van 2015 en 2016 deur die NWU in ‘n kapasiteitspos binne die Fakulteit Teologie aangestel word.

Die finansiële implikasies hiervan is dat die te beroepe broeder in die 2 jaar waartydens hy besig is om kapasiteit te bou in geheel deur die NWU finansieel versorg sal word, en wel op die vlak van senior lektor.

Daar word dus van die GKSA vir 2015 en 2016 geen bydrae tot die versorging van die te beroepe professor verwag nie. Vanaf 2017 sal die te beroepe professor op dieselfde wyse as die ander professore finansieel versorg word.

2.3 Kennis geneem word van die onderneming van die Dekaan dat die poste in Nuwe Testament wat einde 2016 deur emeritering vakant raak nie verder deur die Fakulteit as ekwiteitsposte oorweeg sal word nie.

Die beroeping word vir Januarie 2015 beplan, of so gou doenlik daarna.

Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.4 kennis geneem.

2. Administratiewe personeel

Die pos van die assistent van die Rektor en Rektoraat raak vakant met die vertrek van mev A van Schaik. Die pos is geadverteer en ‘n aantal persone is vir onderhoude genooi. Mev S van der Westhuizen van GK Potchefstroom-Oos het die pos aanvaar en begin DV 5 Januarie 2015 werk.

Besluit: Kennis geneem.

3. Studente

3.1 *Afgestudeerde studente*

Die volgende studente het in November 2014 die Kandidaatstudie voltooi:
Brs JL Coetzer, DJ Maritz, FR Pretorius, JG Tredoux en EJ van Jaarsveld.

3.2 *Studente wat voltyds verder studeer*

Studente DJ Malan en DJ Maritz het toestemming van die Kuratore ontvang om in 2015 een jaar voltyds verder te studeer om die MTh te voltooi. Student DJ Malan sal DV November 2015 die Kandidaatstudie voltooi.

3.3 *Staking van studies*

2014: Br M (Molliére) Daffue.

3.4 *Buitengewone toekenning van Kandidaatsertifikaat*

Dr Chris Botha het in 2012 aansoek gedoen om beroepbaar gestel te word in die GKSA kragtens KO, art 9. Die Kandidaatsertifikaat is in November 2014 aan dr Chris Botha toegeken, nadat die Kuratorium hom daarvan vergewis het dat die broeder aan die vereistes van die Kandidaatsertifikaat voldoen.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 kennis geneem.

E. **DAGBESTUUR KURATORE**

Die Kuratore het na konstituering die volgende aangewys as:

Voorsitter	Dr DG Breed
Ondervoorsitter	Ds HJP de Beer
Hulpskriba	Dr D Lartz
Addisionele lid	Ds MA Modise.